/mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

ADONIS A J LAMEYER .......................... APPELLANT

en

DIE STAAT ..............................RESPONDENT

Coram : KOTZe, VILJOEN, ARR et SMALBERGER, WAR

Verhoordatum : 21 MAART 1985

Leweringsdatum: 21 MEI 1985

UITSPRAAK

VILJOEN, AR

Die appellant wat in die Hof a quo voor 'n Regter en assessore op 'n aanklag van moord op ene

Magrietha/...

Magrietha von Willigh tereggestaan het, is op die aanklag skuldig bevind. Versagtende omstandighede is bevind en 'n vonnis van 15 jaar gevangenísstraf is hom opgelê. Met verlof van hierdie Hof, nadat verlof deur die Verhoorhof geweier is, kom die appellant in hoër beroep teen sy skuldigbevinding. Die Verhoorhof het bevind dat hy vir gemelde Magrietha von Willigh, wat bekend gestaan het as Ous, op 11 Augustus 1979 vermoor het. Om redes wat later sal blyk is die appellant eers in hegtenis geneem op 19 Desember 1981 en die verhoor het eers 'n aanvang geneem op 24 Maart 1983, meer as drie jaar na die gebeure.

Die appellant was, volgens sy eie getuienis,

ten tyde/ ...

ten tyde van die verhoor 32 jaar oud. Die oorledene, na wie hierna verwys sal word as Ous, het met haar man, Klaas von Willigh, op die plaas Waterbron, digby die Kleurling-gebied Esterhof by Riebeeck Kasteel, gewoon. Die appellant het ten tyde van die gebeure saam met sy vader gewoon in 'n huis gelee te Leliestraat 5, Esterhof. In dieselfde straat, twee huise daarvandaan, te Leliestraat 9, het 'n oom van die appellant saam met sy vrou, Lea Lameyer, gewoon. Die appellant se moeder (ook 'n Lea Lameyer) het nog geleef maar sy was sieklik en het vanaf om en by Junie 1979 by haar dogter, Lea Adams, in Kraaifontein gewoon om naby die Tygerberg-hospitaal te wees waar sy behandeling ontvang het. 'n Ander suster van die

appellant,/..
...

appellant, Minnie Koks, het te Saron gewoon. Minnie Koks se dogter, wie se n.aam in die notule van die verrigtinge as Lea Lameyer (nog 'n Lea Lameyer) aangegee is (en na wie ek sal verwys as Lea junior), het by die Lameyers , die appellant se ouers, as dogter grootgeword en het voor die gebeure saam met 'n ander suster van die appellant, Christina Lameyer, elkeen van hulle met 'n baba, in een kamer geslaap in die Lameyer-huis totdat Christina op

Malmesbury gaan werk het en Lea junior na haar eie moeder op Saron gegaan het toe haar ouma siek geword het. Volgens afleiding moes Lea junior op ongeveer 15 jarige ouderdom, kort voor die dood van Ous, geboorte gegee het aan haar kind. Die appellant het

een/..

een broer, Jurit, gehad wat die vader was van 'n kind by Ous se dogter. Die dogter het die kind in die sorg van Ous gelaat terwyl sy self in die Kaap gewerk het. Jurit, die vader van die kind, wat vir Ous se man, Klaas von Willigh, na bewering aangerand het, was voortvlugtig voor die gereg. Niemand het blykbaar onderhoud betaal vir die kind nie en Ous het rondgeloop en gebedel om vir die kind melk te kan koop. Onder die persone vir wie sy so lastig geval het, het lede van die Lameyer-gesin, wat die appellant ingesluit het, getel. Of Ous al die geld wat sy so gebedel het vir die onderhoud van die kind aangewend het is deur die betrokke persone betwyfel. Ous het van haar "doppie" gehou en

daar/ ...

daar is algemeen vermoed dat 'n aansienlike bedrag van die opbrengs van haar bedeltogte vir die doel om in haar behoeftes in die verband te voorsien, aangewend is.

Op die middag van 11 Augustus 1979, 'n Saterdag, so toon die getuienis aan, het Ous te voet die pad gevat van Waterbron na Esterhof en het sy aangekom by die huis van Lea Lameyer te Leliestraat 9. Die appellant was op hierdie middag alleen tuis te Leliestraat 5 aangesien sy vader. Adonis senior, daardie oggend vertrek het om sy siek vrou by sy dogter, Lea Adams, se huis in Kraai-fontein te gaan besoek. In die loop van die middag het die appellant na die huis van sy tante, |Lea

Lamey
er,/.
....

Lameyer, gestap waar hy vir Ous aangetref het. Vermoedelik het Ous alreeds toe 'n "doppie" ingehad. Ous het hom oudergewoonte lastig geval vir geld vir melk vir die kind. Volgens die getuienis van Anna Matalla, die dogter van Lea Lameyer, wat die middag by haar moeder se huis was, het die appellant geweier om vir Ous enigiets te gee. Sy verskoning was dat hy nie daardie week, wat op die Saterdag geëindig het, gewerk het nie. Hy is later daar weg na sy huis te Leliestraat 5 en Ous is daarna ook weg. Volgens Anna Matalla het Ous na die huis van bure van hulle "net om die draai" gegaan en sy kon nie vir die Hof sê wat Ous se bewegings daarna was nie. Sy het getuig dat Ous die middag

gekleed/ ...

gekleed was in 'n rok wat bestaan het uit 'n room-kleurige bo-stuk en wynkleurige romp (wat met die verhoor voor die Hof gedien het as bewysstuk 2), *'n* vloot-blou trui en 'n kopdoek. Ous is nooit weer lewend gesien nie.

*'n* Ander getuie, Rachel Albertus, wat ook in Esterhof woonagtig was, het get.uig dat sy die betrokke Saterdagmiddag van Esterhof na Hermon toe gestap het om haar siek kind in Hermon te gaan besoek. Die getuienis van wat die stapafstand na Hermon is het gewissel. Dit was in elk geval nie na-der as 6 en nie verder as 8 kilometer nie. Sy beweer dat sy met haar terugkeer teen skemer, te voet, na Esterhof naby die treinspoor na Herraon die appellant

gesien/...

gesien het by 'n hekkie naby 'n watersloot wat oor-loopwater van 'n dam op die plaas Waterbron afgevoer het. Volgens haar getuienis het hy by 'n fiets met dik wiele gestaan (wat sy herken het as die fiets van die appellant se oom wat te Leliestraat 9. woon)en toe hulle mekaar sien het hy 'n bondel goedere daar tussen die gras gelos, die fiets met moeite be-styg - sy het die indruk gekry dat hy nie heeltemal nugter was nie - en het hy in die rigting weg van Esterhof af gery. Sy het nader gegaan na die bondel goedere wat volgens haar bloederig was en het 'n pers rok (bewysstuk 1) gesien wat sy geëien het as 'n rok wat aan die appellant se moeder behoort het. Dit was 'n tipe oorrok wat die appellant se moeder dikwels

oor haar ander rok aangetrek het, het sy getuig.

Tussen die goedere was ook 'n stuk materiaal wat sy beskryf het as 'n stuk dekenlap. Sy beweer dat sy die deken vanwaar die stuk dekenlap gekom het, goed geken het. Dit is ín die huis van die Lameyers as 'n bedsprei gebruik. Sy het dikwels by die Lameyers aan huis gekom en toe Lea se babatjie ongeveer 'n maand oud was, het sy self in die kamer waar Lea junior en Christina geslaap het 'n stuk van die deken afgeskeur om as 'n doek vir die babatjie te dien. Die stuk wat oor was is weggebêre in die kas in die twee jong moeders se kamer.

Met haar tuiskoms die Saterdagaand het sy aan haar suster, in die teenwoordigheid van laasgenoemde

se/ ..

se stiefdogter, Jacoba Swarts, vertel dat sy die appellant daar aangetref het en ook van die bondel goedere wat hy daar agtergelaat het. Op Maandag na die Saterdag is sy weer na haar siek kind op Hermon. By hierdie geleentheid was Jacoba Swarts saam met haar. Die bondel goed was nog steeds daar waar sy dit die vorige Saterdag aangetref het. Hulle het egter nie ondersoek ingestel nie, maar het slegs verby geloop. Hulle het dieselfde dag met 'n geleentheid teruggekeer na Esterhof.

Op die Maandagaand het die appellant se vader teruggekeer na sy huis. Op Dinsdagoggend is die appellant weg van die huis na Kaapstad waar

hy gaan/......

hy gaan werk het. Op die Woensdag is Rachel weer, op pad na haar siek kind, verby die plek waar sy die hondel goed voorheen aangetref het. Dit was egter toe nie meer op daardie plek nie.

Op dieselfde Woensdag is Ous se rooi sandale, en kort daarna haar liggaam, in die watersloot op die plaas Waterbron gevind deur 'n seun, September Fortuin, wat, nadat hy uit die skool gekom het, vissies in die watersloot gesoek het. Rachel het getuig dat toe sy daardie middag terugkom van Hermon af, loop sy 'n ander vrou, Kato von Willigh, wat ook op die plaas Waterbron woónagtig was, raak. Die vrou vra vir haar of sy nie iets snaaks langs die spoorlyn gesien het nie en toe sy wou weet hoekom die vraag aan

haar/ ...

haar gestel word, vertel die vrou aan haar dat Ous dood opgetel is in die watersloot. Sy het toe aan die vrou vertel dat sy die appellant die vorige Saterdag "daar" gesien het.

Op Donderdag het die polisie, wat moes verneem het dat Rachel iets van die saak weet, vir haar genader en haar ondervra. Aan die polisie het sy nie op daardie stadium gesê dat dit die appellant was vir wie sy daar gesien het nie; sy het gesê dat sy die persoon nie kon uitken nie. Sy het die polisie egter van die bondel goed vertel en vergesel van ïede van die polisie het sy na die goed gaan soek. Die goed was op daardie stadium nie meer op die plek waar sy dit aanvanklik opgelet het nie, maar na verdere

gesoek, is die bondel half onder 'n gras- of rietpol teen die wal van die watersloot versteek gevind. Volgens Rachel het die inhoud van die bondel bestaan uit albei rokke, bewysstukke 1 en *2,* en die dekenlap waarvan sy vroeër in haar getuienis melding gemaak het. Dit blyk egter uit polisie-getuienis dat sy 'n fout gemaak het want alleen die pers oorrok (bewysstuk 1) is saam met die dekenlap daar gevind. Die ander rok, die roomkleurige bostuk met 'n wynrooi romp (bewysstuk 2) is aan die liggaam van Ous gevind.

Die nadoodse ondersoek het getoon dat Ous dood is as gevolg van 'n hele aantal steekwonde wat met 'n skerp voorwerp toegedien is en dat ook

ander/ ....

ander beserings veroorsaak is met 'n stomp voorwerp. Die steke aan haar liggaam en gate wat gevind is aan bewysstukke 1 en 2 het ooreengestem, waarvan af te lei is dat die steke toegedien is toe Ous albei die rokke aangehad het.

Op Saterdag 18 Augustus 1979 het die appellant se suster, Christina, en sy moeder by die huis in Riebeeck Kasteel aangekom vir Ous se begrafnis wat op Sondag 19 Augustus 1979 aldaar plaasgevind het. Christina, wie se getuienis deur die Staat aangebied is, is gediskrediteer en haar moeder is, soos hieronder sal blyk, nie lank daarna nie oorlede en daar was dus geen getuienis voor die Hof van die toestand waarin die huis was toe hulle daar was op

18 en 19 Augustus 1979 nie. Na die begrafnis is die moeder terug na Kraaifontein waar sy spoedig daarna in die Tygerberg-hospitaal opgeneem is en waar sy oorlede is op Saterdag, 16 September 1979. Op Sondag, 17 September 1979, het Lea junior vanaf Saron op Riebeeck Kasteel aangekom om haar ouma se begrafnis by te woon. Die Sondagnag het sy by haar tante (vermoedelik Lea Lameyer van Leliestraat 9), geslaap en die volgende dag, Maandag, 18 September 1979, het sy en haar tante Christina die huis te Leliestraat 5 skoongemaak omdat hulle mense verwag het vir die begrafnis van wyle Lea Lameyer. Ek het reeds gemeld dat Christina, wat ook getuienis sou kon gee van die toestand van die huis op 18 September 1979 en wat

daarin gevind is, se getuienis gediskrediteer is

Lea junior se getuienis is egter deur die Staat aangebied. Binne die huis, sê sy, het sy in die voorkamer op 'n matras afgekom wat, nadat sy die vensters oopgemaak het, gestink het na bloed. Die matras was vol "bloed goeters" en was so "nat-vuil" 'n Ander uitdrukking wat sy gebruik het, was dat die matras "klam-nat" was. Gevra hoedat sy weet die stank is die van bloed het sy geantwoord dat sy a's vrou wat haar maandstonde kry weet hoe dat bloed ruik,

Die matras was ook stukkend. Dit was 'n dik matras wat vere gehad het, maar tussen die vere was iets soos "klapperhaar". Die bloedkol was aan die bo-punt van die matras, "in díe middel was so 'n kol." Die

muur/ ....

mure van die woonkamer was pers geverf maar aan die kant waar die bed was, bokant die bed, was daar *'n* kol wat groen geverf was. Van die groen verf, wat morsig aangebring is, het afgedop en daar het wat sy genoem het "spatsels" deurgeslaan. Dit was kolle wat soos bloed gelyk het, het sy getuig. In die kas in die kamer waarin hulle voorheen geslaap het, het hulle 'n wit kopdoek met blou en geel kolle, 'n trui en stukke van 'n bedsprei gevind. Die stukkies van die bedsprei was volgens haar yol bloedkolle wat egter al droog was. Di.t was donkerrooi kolle. Die trui het sy eers beskryf as 'n "bruinerige, maroenerige" trui. Op die vraag "Was dit alles een kleur gewees of was dit verskillende kleure?", het

sy/....

sy geantwoord, "Soos hy vuil is seker, hy was bruin, so maroen, so 'n donkerpers kleur gehad, so met vuil kolle en so"

Al die rommel wat hulle in die huis gevind het, het haar oupa in die agterplaas verbrand. Onder die goed wat hy verbrand het was die matras wat na bloed geruik het en die kopdoek, trui en stukke van die bedsprei wat sy en Christina in die kamer in die kas gevind het,

In Maart 1980 het sy 'n verklaring by die polisie afgelê. Die polisie het aan haar die twee rokke, bewysstukke 1 en 2, getoon. Die wynrooi rok met die roomkleurige bo-stuk (bewysstuk 2) het sy nie geken nie, maar die perskleurige rok, bewysstuk 1,

het sy geëien as haar rok. Hierdie rok, so het sy die Hof meegedeel, was eers haar ouma se rok wat deur laasgenoemde aan haar gegee is. Toe sy na Saron vertrek het, het sy die rok in die kas agtergelaat. Die appellant, sê sy, was nie by haar ouma se begrafnis nie.

Joseph Snyders, ook bekend as Bok Snyders, wat die appellant goed geken het aangesien hy saam met die appellant op skool was en hom later ook dikwels raakgeloop het op Riebeeck Kasteel, het die Hof meegedeel dat hy en 'n vriend van hom, Pieter Joubert, wat ook van Riebeeck Kasteel kom, vir die appellant op Bellville-stasie een Saterdagoggend in Maart 1980 raakgeloop het. Hulle wou met die appellant

gesels maar laasgenoemde was skynbaar onwillig om hulle van aangesig tot aangesig te ontmoet want toe hulle na hom roep, het hy net met sy arms gewaai en tussen die mense verdwyn. Snyders het getuig dat Píeter Joubert verbaas voorgekom het daf die appellant daar rondloop want, het hy vir Snyders vertel, hy hoor dat die polisie vir die appellant soek aangesien hy verdink word van die moord op Ous. Die daaropvolgende Woensdag, teen ongeveer 7hOO, se Snyders, het hy vir die appellant raakgeloop naby 'n vis- en skyfie-winkel in Stikland. Gedagtig aan wat Pieter Joubert vir hom vertel het, vra hy vir die appellant wat sy probleem is waarop die appellant teenoor Snyders erken dat hy vir Ous dood-

gemaak/ ..

gemaak het. Gevra hoekom hy dit gedoen het, het hy geantwoord hy weet nie. In die loop van die gesprek het die appellant vir die getuie meegedeel dat hy in Fisantekraal woon en met die fiets ry tot in Stikland vanwaar hy dan deur sy werkgewer vervoer word na die plek waar hy werk. Hy het die getuie meegedeel dat hy by Maitland se slagpale werk. Aangesien die appellant 'n messelaar is van ambag word afgelei dat hy bedoel het om Snyders mee te deel dat hy bouwerk by die slagpale gedoen het. Snyders getuig dat hy daarna vir Pieter Joubert vertel het dat die appellant erken het dat hy vir Ous gedood het. Hy het egter vir niemand anders daarvan vertel nie, sê hy, Toe hy egter een naweek daarna weer huis-toe, na

Riebeeck-wes,/......

Riebeeck-wes, gaan, het die polisie hom genader om 'n verklaring te maak waarop hy alles verklaar het wat hy die Hof in sy getuienis meegedeel het. Hoedat die polisie geweet het dat hy iets weet kon hy nie verklaar nie.

Die getuie het verklaar dat hy dikwels huis-toe na Riebeeck Kasteel gegaan het. Dat hy die eerste maal van Ous se dood van Pieter Joubert op Bellville-stasie gehoor het, soos hy op een stadium getuig het, kon hy, in die lig van sy getuienis dat hy voor die betrokke Saterdag dikwels by die huis was, nie bevredigend verklaar nie.

Pieter Joubert het die getuienis van Joseph Snyders bevestig dat hulle vir die appellant op Bellville se

stasie raakgeloop het en dat hy nie met hulle wou praat nie. Hy het ook bevestig dat Snyders aan hom vertel het van die erkenning wat die appellant gemaak het by die vis- en skyfie-winkel in Stikland, Hy self het ook een naweek huis-toe gegaan maar op later geleentheid as Snyders. Ook vir hom het die polisie genader op hierdie geleentheid. Hy het toe 'n verklaring afgelê.

Ongeveer 'n jaar na haar ouma se begrafnis, so het Lea junior getuig, toe sy by die Burger Fair Restaurant in Stikland gewerk en in Boston geloseer het, het sy die appellant by Bellville se stasie raakgeloop. Hy het aan haar gevra hoe dit by die huis gaan. Haar antwoord was dat dit goed gaan en

dat hy/.......

dat hy self moet gaan kýk hoe dit daar gaan. Hy meld toe aan haar dat hy hoor die polisie soek hom en vra haar of die polisie werklik vir' hom soek en waarvoor. Hoewel sy aan die hand van gerugte goed geweet het waarvoor die polisie hom gesoek het, het sy geantwoord dat sy self nie weet nie en dat hy maar self moe't gaan vasstel waarvoor hulle hom soek. Onder kruisondervraging beweer sy dat hy geweet het dat sy ma oorlede is want die naweek waarin sy ma oorlede is het hy by sy tante, Lea Adams, geloseer. Dat hy daar geloseer het, het sy by "ander mense" gehoor, vermoedelik haar eie ma en tante, wat daardie naweek in die Kaap was.

Dat die appellant wel, solank hy in die Kaap

gewerk/...

gewerk het, soms na Riebeeck Kasteel gegaan het was ook die getuienis van Rachel en van die appellant se eie vader wat vir die verdediging. getuig het en na wie se getuienis ek later sal verwys. Volgens Rachel het die appellant voor sy inhegtenisname somtyds wel na Riebeeck Kasteel gekom, maar het hy altyd die polisie ontwyk. Sy getuig dat hy in díe nag daar gekom het om in die oggend vroeg weer te vertrek. In hierdie tyd het sy dreigemente per boodskap ontvang dat hy vir haar ook gaan doodmaak en het sy die polisie versoek om haar te beskerm. Waar sy in haar eerste verklaring aan die polisie wat sy afgelê het kort na die vonds van Ous se liggaam in die watervoor, beweer het dat sy die

persoon/ ....

persoon met die fiets wat sy gesien het op Saterdagaand, 11 Augustus 1979, nie herken het nie, het sy in 'n latere verklaring wat sy na sy arrestasie afgelê het, verklaar dat sy wel die appellant daardie aand herken het. Sy het soos volg getuig toe vrae aan haar gestel is deur die assessore en die Verhoorregter:

> "Wat het jou laat van gedagte verander nou hier laaste jaar dat jy nou vir die polisie gaan vertel dit was die beskuldigde wat jy gesien het? --- Ek het ook maar al die tyd vir my lewe gelewe, meneer, want hy was maar op die way om vir my ook seer te maak.
> Ek moet somtye meneer moet ek vir die polisie aansê dat hulle moet by ons huís kom waak, dan kom hulle na ons huis toe.
>
> Wie? --- Die polisie.
>
> Hoekom? --- Toe het Doon voorgespeel hy gaan vir my ook doodmaak. Toe die polisie

so twee, drie aande by ons huis kom waak

daar/....

daar, toe is hy nou op vlug, toe is hy nog nie gevang nie.

Maar hy was weg ook vir 'n paar jaar wat hy nie teruggekom het na Riebeek Kasteel toe nie, hy kon jou nie gedreig het nie, hy wat die beskuldigde is? --- Hy was weg, maar hy was daar in Kasteel rond gewees, meneer.

Het jy hom gesien? --- Hy het net in die aande in Kasteel altyd gewees.

Die beskuldigde? --- Ja.

HOF: Het jy hom daar gesien? --- Ons het hom al in die aande gesien, ja meneer, en soggens vroeg dan loop hy weer met sy pakkie kos weg.

Wie het die kos uitgesit vir hom? --- Hy gaan haal die kos by hulle huis, meneer.

By sy eie huis? --- Ja, meneer.

Die meneer vra hoekom het jy nou besluit om 'n ander storie te vertel, nou die tweede verklaring, het jy gesê dit is hy wat jy gesien het by die bruggie, nê? --- Ja.

Hoekom het jy dit nou gesê, hoekom het jy nou

gedraai,/....

gedraai, dit is wat ons wil weet? - Om ek vir meneer mos sê dat hy wil vir my ook seer-gemaak het. Toe Mnr. Dippenaar sê ek moet nou eerlik wees en vir hulle sê, die waarheid sê want ons mag nie kom leuens vertel hierso nie, toe vertel ek vir Mnr. Dippenaar die waarheid.

In ander woorde, op een of ander manier het hy uitgevind jy is 'n getuie in die saak?- Ja .

En hy wou jou kom seermaak? --- Ja.

Hoe weet jy dit? - Toe het hy ook al aan die mense gesê hy gaan my seermaak en in die nagte as die hond so blaf en toe het ek die polisie gebel en gevra of hulle nie daar kan so 'n draai kom maak in die nag in en dat hulle agter hom aan gehardloop het toe hy hom weggesteek het in sy oom se huis.

En jy sê hy het aande na Kasteel gekom en hy het soggens het hulle hom pakkies kos gelos by die huis en hy het dit kom optel, nê? - Ja.

Hoe weet jy dit persoonlik? - Meneer, ons sien hom party oggende, as hy nou nie na ons mop, daar waar ons die vuilgoed weggooi, daardie rigting loop nie, dan loop hy die bosse se rig-tíng, dan sit hy weer so tot dit donker is, dan kom hy net weer terug.

Hy/....

Hy sit in die bosse, sê jy? - Ja.

Dan kom hy saans weer terug? - Hy kom laat-
nag weer terug.

Na sy huis? --- Ja.

Hoe weet jy dit? - My suster se man kry vir hom in die aande langs die pad.

Maar hoe weet jy dit dat hy teruggekom het in die aand, saans? - Ja, as hy soggens, dan sê my skoonma ook en ons sien hom ook, dan kom hy deur sy antie se kamp gestap want altwee sy anties bly daar so oormekaar, dan moet hy daar deur die kamp kom.

Nee, ek vra, hoe weet jy, het jy hom self gesien? Ek het ook al vir hom gesien vroegoggend, meneer.

Het jy? --- As ek so vir die ambulans wag en ek kom Kaap toe, dan sien ek hom altyd in die oggende loop."

. Kruisondervraging deur die advokaat vir die verdediging het haar deurmekaar gemaak. Toe dit aan haar gestel is dat die geleenthede waarvan sy

getuig het, plaasgevind het nadat die appellant gearresteer is en vrygelaat is op borg, het sy bevestigend geantwoord. Uit die getuienis van sersant Geldenhuys, wat gehelp het met die ondersoek van die saak voordat hy in April 1980 van Riebeeck-Wes verplaas is na Pinelands, blyk dit egter dat die nagtelike en geheimsinnige besoeke van die appellant plaasgevind het, soos Rachel eers in haar getuienis beweer het, terwyl die appellant nog op vrye voet was. Dippenaar het getuig dat hy op twee geleenthede spesiaal in die nag Kaap toe gery het om na die appellant te gaan soek; dit was egter tevergeefs. By een geleentheid het hy van 'n beriggewer, wat hy in sy getuienis geidentifiseer

het as Rachel, 'n oproep ontvang as gevolg waarvan hy na 'n sekere huis in Esterhof gegaan het waar hy na die appellant gesoek het - sonder sukses egter. Agter die huis is 'n afvalplek waar die munisipale stortings plaasvind; ook daar het hulle gaan soek op grond van 'n berig dat hy daar opgemerk is - weereens sonder sukses

Op 19 Desember 1981 het Adjudant-Offisier Dippenaar berig ontvang dat die appellant op Riebeeck Kasteel is. 'n Soekgeselskap van polisiemanne is gereël en die appellant is in hegtenis geneem. Op 20 Desember 1981 het die appellant die gebruiklike onderhoudsverklaring gemaak nadat hy behoorlik gewaarsku is. Hierdie verklaring is sonder beswaar van die

kant van die verdediging as deel van die Staat se saak voor die hof gelê,

Die appellant is daarna vrygelaat op borg,

Op *'n* Saterdag kort voor die verhoor, so

getuig Pieter Joubert, het hy vir die appellant by 'n kroeg raakgeloop. Die appellant het hom na die toilet geroep. Joubert was eers onwillig om te

gaan maar het tog later besluit om te gaan hoor wat die appellant van hom verlang. Toe hy by hom kom merk die appellant op dat hy sien Joubert is ook 'n getuie in die saak. Joubert se antwoord was dat hy nie daarvan weet nie. Daarop bring die appellant 'n rol papier uit sy broeksak tevoorskyn waarop die

name/...

name van die getuies verskyn en wys vir Pieter Joubert dat sy naam veertiende op die lys voorkom, Die appellant versoek toe vir Joubert om hom die oggend van die verhoor teen 6h00 op Bellville-stasie te ontmoet om saam met hom na sy advokaat te gaan. Joubert het egter nie gegaan nie.

Daar is veel meer getuienis deur die Staat aangebied maar wat hierbo opgesom is bevat die kern van die Staat se saak. Ek sal later, in die beredenering, verwys na sekere ander getuienis van die Staat se getuies wat ek nie hierbo weergegee het nie.

Hoewel daar, wat besonderhede betref, talle verskille is tussen die appellant se verklaring aan

die/.....

die polisie en sy getuienis voor die Hof en sy getuienis self gewemel het van weersprekings, het hy wesentlik die volgende saak in sy verklaring sowel as in die Hof gestel. Hy weet niks van Ous se dood nie. Hy het haar die Saterdagmiddag by sy tante se huis ontmoet waar sy om geld geneul het en ofskoon hy aanvanklik geweier het om haar enigiets te gee het hy uiteindelik aan haar R2,00 gegee. Hy is later huis-toe en het haar nie weer gesien nie. Later die middag, nadat hy 'n ruk lank in die "agterkamer" boekies gelê en lees het en daarna 'n ruk lank geslaap het, is hy weer na sy tante se huis waar hy met Mattewis (Tokkie) Lameyer, sy tante se 15 jarige seun, gereël het om die aand

by hom te slaap omdat hy nie 'n radio gehad het nie, en Tokkie wel. Tokkie is eers na 'n party, maar het daarna by Leliestraat 5 met sy radio aangekom en hulle het albei in die agterkamer radio geluister en toe geslaap. Die volgende dag, Sondag, is hy na 'n plaas waar hy met vriende domino's

gespeel het. Laat die Sondagmiddag het hy na die huis teruggekeer. Tokkie het weer die Sondagnag by hom geslaap. Maandag het hy in Riebeeck Wes gaan werk en die aand het sy vader van Kaapstad terugge-keer. Sonder om vir sy pa te sê waarheen hy gaan is hy Dinsdagoggend weg om in die Kaap te gaan werk waar werk reeds die vorige week deur ene Visser van Stikland aan hom belowe is. Die kol groen verf

bokant/ ...

bokant die bed in die voorkamer, sê hy, het hy aangebring die Dinsdag of Woensdag voor die betrokke Saterdag. Hy hef dit gedoen omdat die druppels wat langs die muur afloop die komberse waar hy geslaap het, nat en vuil gemaak het. Totdat hy teruggekeer het na Riebeeck Wes in Desember 1981 toe hy gearresteer is, was hy nooit by die huis nie, nie eens gedurende openbare vakansiedae of oor die Kersfees- en Nuwejaar-feesgetye van 1979/1980 bf 1980/1981 nie. Hy het by daardie geleenthede gewerk, sê hy - nie vir sy werkgewer nie, maar hy het lps werkies gedoen. Hy was onbewus van sy moeder se dood en het eers later, drie maande daarna, daarvan by 'n kennis gehoor.

Hy was nooit by sy suster, Lea Adamsnie. Hy het nie

geweet/...

geweet wat haar adres was nie. Hy het dlkwels vir lang rukke van die huis weggegaan en niks van hom laat hoor nie. Aldus het hy een keer aan die Witwatersrand vir 'n jaar of twee gewerk en een keer was hy 'n lang ruk in Suidwes-Afrika.

Hy erken dat hy vir Joseph Snyders en Pieter Joubert op Bellville se stasie ontmoet het. Hy ontken egter dat hy van hulle weggeloop het sonder om te gesels. Hy beweer dat hy wel met hulle gesels het en dat hulle aan hom vertel 'het die polisie

soek hom vir 'n moord "wat hy gemaak het." Ofskoon hy erken dat hy bewus is van die viswinkel in Stikland ontken hy dat hy vir Joseph Snyders daar raakgeloop het en dat hy teenoor hom erken het dat hy vir

Ous/ ....

Ous doodgemaak het. Hy ontken dat hy vir Pieter Joubert gekonfronteer het met die feit dat hy ook 'n getuie teen hom is.

Die appellant se pa, Adonis Lameyer senior, is as getuie vir die appellant opgeroep nadat die Staat, wie se getuie hy aanvanklik was, 'n verklaring wat hy gemaak het aan die verdediging beskikbaar gestel het. Die hele gees van Lameyer senior se getuienis is een van bevoordeling vah sy seun. Hy het egter die appellant, sy seun, in twee opsigte wesentlik benadeel. Hy het sy seun weerspreek deur te getuig dat die appellant nie die groen kol op die muur geverf het voordat hy weg is Kaap toe nie, maar dat hy dit inderdaad gedoen het terwy1 hy, senior,

in die/ ...

in die Kaap was daardie naweek; hy het ook, teenstrydig met wat in sy verklaring voorkom, beweer dat die appellant dikwels huis-toe gekom het en dat hy bewus was van sy suster, Lea Adams, se adres.

Mattewis (Tokkie) Lameyer se getuienis ±s ook deur die verdediging aangebied. Daar is teenstrydighede tussen sy getuienis en die appellant se getuienis maar in hoofsaak het hy die getuienis van die appellant wat betref die slapery Saterdag- en Sondagnagte gestaaf.

Die Verhoorhof het vir Katrina April (Kato) as getuie geroep. Van haar is hierbo melding gemaak as die vrou vir wie Rachel teengekom het op die plaas Waterbron en vir wie Rachel, toe Kato (na wie sy verwys het as Kato van Willigh) haar vertel van

die/...

die vonds van Ous se liggaam, na bewering gesê het dat sy vir die appellant die vorige Saterdagaand daar by die sloot gesien het. Kato het getuig dat sy vir Rachel by daardie geleentheid gesê het sy voel nou so geskok want die mense het Ous se lyk gekry en hulle sê sy is vermoor. Op 'n vraag of Rachel toe vir haar iets gesê het, het sy geantwoord dat Rachel gesê het sy weet daarvan. Op.'n verdere vraag of Rachel haar vertel het van iets wat sy daar gesien het, was haar antwoord dat sy nie meer kon onthou nie. Tydens kruisondervraging deur die advokaat vir die verdediging het sy herhaal dat sy "nou skoon vergeet" het. Dat Rachel vir haar gesê het sy weet van die vonds van Ous se liggaam, kan nie

waar/ ...

waar wees nie, want Rachel was op pad van Hermon na haar huis en sy het nog nie geweet dat Ous se liggaam gevind is nie.

Hoofsaaklik op die getuienis wat ek hierbo opgesom het, moes die Hof a quo die saak beslis. Die benadering van die Hof was dat al die getuienis in die saak omstandigheidsgetuienis is en die Hof het die bekende beginsel wat neergelê is in die saak van R v Blom 1939 AD 188 toegepas die beginsel naamlik dat die afleiding wat gemaak staan te word, bestaanbaar moet wees met al'die bewese feite en dat dit die enigste redelike afleiding moet wees wat van die bewese feite gemaak kan word.

As die getuienis van Rachel dat dit die appellant was vir wie sy daar op die toneel die Saterdagaand gesien het, aanvaar word, sou dit, hoewel omstandigheidsgetuienis in die sin dat dit die appellant slegs verbind met Ous se dood en nie getuienis van hoe sy gedood is nie, nogtans regstreekse getuienis wees dat hy onder verdagte omstandighede op of naby die toneel waar Ous se liggaam gevind is, gesien is. As Joseph Snyders se getuienis aanvaar word, sou dit, afgesien van die omstandigheidsgetuienis,die appellant in hoë mate impliseer. Daar is dus, sowel in hierdie Hof as in die Hof _a quo_ 'n sterk aanval gedoen op die betroubaarheid van hierdie twee getuies. Daar is aan die hand gedoen dat die Hof _a quo_ ver-

keerdelik/....

keerdelik hulle getuienis aanvaar het en aangesien dit die geval is, so lui die betoog, bly daar nie genoeg omstandigheidsgetuienis oor om 'n skuldigbevinding te rugsteun nie. Die Staat se advokaat het met hierdie uitgangspunt saamgestem. Hierdíe Hof is natuurlik nie gebonde aan enige toegewings wat die Staat se advokaat maak nie want dit is nie vir hom om 'n oordeel te vel oor die genoegsaamheid van die getuienis vir 'n skuldigbevinding nie, maar die plig van hierdie Hof om sodanige bepaling te maak. Ofskoon ek daarvan oortuig is, soos ek later meer volledig sal aantoon, dat Snyders se getuienis behoorlik deur die Hof aanvaar is, is dit my oordeel

dat/...........

dat,selfs as sy getuienis buite rekening gelaat word, daar nog genoegsame omstandigheidsgetuienis oorbly om 'n skuldigbevinding te rugsteun. Wat Rachel se getuienis betref is ek van oordeel dat, selfs indien haar getuienis van die uitkenning van die appellant verdag sou wees, daar nog voldoende van haar getuienis wat aanvaarbaar is, omdat dit deur ander getuienis bekragtig word, oorbly om 'n afleiding te regverdig dat dit die appellant was vir wie sy gesien het daardie Saterdagaand,

Die/........

Die beperkte bevoegdheid van hierdie Hof om, by ontstentenis van 'n feite-dwaling, in te gryp waar die Verhoorhof 'n geloofwaardigheidsbevinding gemaak het, is welbekend. In die geval van die op-weging van die feite om te bepaal waar die waarskyn-likhede lê, word hierdie Hof nie in dieselfde mate aan bande gelê nie want dit kan gewoonlik self die naakte waarskynlikhede beoordeel. Dikwels, egter, kan die waarskynlikhede alleen beoordeel word met inagneming van die persoonlikhede betrokke,die milieu waarin die beweerde oortreding begaan is en die algemene klimaat en atmosfeer wat in die omstan-dighede geheers het. Kyk Bitcon v Rosenberg 1936 AD 380 op 396 *in fine* - 397; R v Dhlumayo and Another

1948(2)/ ...

1948(2) SA 677 (A) op 705 (6). Uit die aard van die saak is die Verhoorhof beter in staat om, vanuit hierdie oogpunt beskou, die waarskynlikhede wat omgewe is deur 'n bepaalde atmosfeer, te beoordeel . Dit blyk duidelik uit die relaas van die verrigtinge dat die Lameyer-familie van Esterhof vir Ous as 'n laspos beskou het. Sy was by hulle nie besonder gewild nie. Soos die geleerde Verhoorregter dit treffend uitgedruk het in die Hof a quo se uitspraak:

> "Dit kom vir ons voor dat die inwoners van die lokasie minder besorg was oor Ous se dood as oor die feit dat daar van hulle is wat bereid was om 'n inwoner te verklik."

Sommige van die appellant se familie-lede was openlik partydig vir hom en het hom beskerm. Christina Lameyer

het/ ..

het ten gunste van hom afgewyk van haar verklaring wat sy aan die polisie gemaak het - in so 'n mate dat sy gediskrediteer is. Lea junior het aan die Hof meegedeel dat die familie-lede - sy het spesifiek haar tantes genoem - haar kwalik geneem het omdat sy vir die Staat teen die appellant getuig. Sy sê baie het haar geskel " .... soos hulle familie onder mekaar, daardie spul by die huis ook." Haar tantes waarvan ons weet is Christina Lameyer en Lea Adams. Laasgenoemde wat alleen getuienis ter versagting gelewer het, het getuig dat die appellant nooit by haar huis was voor hulle moeder se dood en trouens solank as wat hy in die Kaap was nie, terwyl daar voldoende getuienis was, insluitende die van sy eie vader, om

aan te neem dat hy, hoewel miskien nie pal nie, tog wel by haar ingewoon het of in elk geval dikwels daar gekom het en bewus was van sy ma se dood. Hy het nie haar begrafnis bygewoon nie omdat hy klaarblyklik bevrees was dat die polisie hom sou arresteer en die familie het hom beskerm. Rachel Albertus het per boodskap dreigemente ontvang wat haar genoop het om polisie-beskerming in te roep. Kato April (Kato) het skielik "skoon vergeet" van wat Rachel Albertus vir haar gesê het. Die afleiding kan gemaak word dat daar 'n sameswering was deur die vernaamste belanghebbende partye om hom so min moontlik te impliseer en om sy skielike verdwyning van Riebeeck Wes in die voordeligste lig moontlik vir

hom/ ...

hom te stel. Dit was die algemene klimaat wat geheers het en waarin die Hof a quo die saak beoordeel het.

Hierdie Hof het die voordeel van 'n besonder volledige, goedberedeneerde en deeglike uitspraak van die Hof a quo. Dit is dus nie nodig om die hele veld weer te dek nie. Ek sal my dus hoofsaaklik bepaal by die argumente wat aan ons deur die appellant se advokaat gerig is, en veral op die aanvalle wat daar gemaak is op Rachel, Joseph Snyders en Lea junior se getuienis.

Daar is aangevoer, eerstens, dat die getuienis van Rachel Albertus en Joseph Snyders van sodanige swak gehalte is dat daar 'n redelike moont-

likheid bestaan dat hulle getuienis onwaar is; tweedens is betoog dat die Hof a quo gefouteer het deur Lea junior se getuienis te aanvaar en, derdens, dat in ag genome al die swakhede wat aan die Staat se saak kleef, die omstandigheidsgetuienis wat wel aanvaarbaar is, net so bestaanbaar is met die appellant se onskuld as sy skuld.

Joseph Snyders se getuienis "dat die appellant spontaan by Stikland se vis- en skyfie-winkel sou erken dat hy vir Ous gedood het, is onwaárskynlik, is voor hierdie Hof betoog. Aan die hand is gedoen dat die getuienis aantoon dat hulle nie groot vriende was nie, slegs kennisse en die feit dat Joseph Snyders se nefie deur die appellant aangerand is met 'n mes,

maak/ ....

maak dit waarskynlik dat Snyders bevooroordeeld sou wees teen die appellant. Daar steek niks in laasgenoemde betoog nie. Dit is nooit aan Joseph Snyders gestel dat hy om daardie rede 'n vooroordeel koester teen die appellant nie. Dat die nefie deur die appellant beseer is, is deur Rachel Albertus, wat ook *'n* familie-lid is van Snyders, getuig. Wat die verhouding was tussen Snyders en sy nefie blyk nêrens uit haar of enige getuienis nie. Snyders het nooit 'n geleentheid gehad om die Verhoorhof mee te deel hoe hy oor die insident, as hy daarvan bewus was, voel nie. Dat Snyders en die appellant baie op skool baklei het en Snyders daarom steeds vyandiggesind sou wees teenoor die appellant, is al wat aan hom gestel is. Die

getuienis/ ...

getuienis dat hulle dikwels daarna, hoewel nie alleen nie,in mekaar se geselskap by kroeë saam gedrink en verkeer het, het die gewaande vyandiggesindheid as 'n wanhopige poging om die Hof van vooroordeel deur Snyders teenoor die appellant te oortuig, laat voorkom.

Dat die appellant spontaan teenoor Snyders erken het dat hy vir Ous doodgemaak het is nie noodwendig 'n onwaarskynlikheid nie. Dit hang alles af van die appellant se gemoedstoestand. Hy kon miskien geoordeel het dat hy hierdie goeie kennis van hom net sowel in sy vertroue kan neem. Die meerderheid van die mense in Esterhof het die appellant beskerm en hy het moontlik aanvaar dat ook Snyders nie vir die polisie sou meedeel dat hy die erkenning gemaak het nie.

Inderdaad het Snyders dan ook nie met die nuus na die polisie gegaan nie maar het die polisie na hom gekom. Hoedat die polisie agtergekom het dat hy iets weet, is nie duidelik nie. Daar kan alleen maar bespiegel word dat hy wel in 'n gesprek met familielede of bekendes laat val het dat die appellant die erkenning gedoen het en dat dit die ore van 'n beriggewer bereik het wat die polisie in kennis gestel het. Die feit dat Snyders vir Pieter Joubert van die erkenning vertel het, verleen 'n mate van stawing aan sy relaas. Dit is geen bewys van die waarheid van sy bewering nie, raaar bewys wel dat hy dit nie op 'n later geleentheid versin het nie. As hy, om dit teen die appellant te gebruik, versin het

sou hy dit uit eie beweging aan die polisie meegedeel het en nie vir homself gehou het nie. Die vis- en skyfie-winkel in Stikland is aan die appellant goed bekend en die appellant se verklaring hoekom hy nooit daar sou koop nie, naamlik dat hy sy inkopies by Oakland doen, klink nie oortuigend nie. Die byvoeging in Snyders se getuienis van besonderhede wat die appellant hom beweerdelik meegedeel het naamlik dat hy in Fisantekraal woon en met die fiets Stikland toe ry, of dit nou waar was of nie en met watter motief die appellant dit ookal aan Snyders meegedeel het, verleen 'n skyn van egtheid aan die relaas.

Soos ek reeds daarop gewys het was Snyders se getuienis oor die tydstip wanneer hy gehoor het

van/...

van Ous se dood onoortuigend. Die Verhoorhof het dit egter in aanmerking geneem. In die uitspraak is hy beskryf as 'n ongesofistikeerde man met nie genoeg verstand om 'n bekwame leuenaar te wees nie. Die volgende was die Hof se oordeel:

> "Advokaat Mitchell het hom ietwat deurmekaar gemaak in verband met wanneer hy van Magrietha se dood gehoor het, en van wie hy dit gehoor het, maar daardie verwarring in sy gemoed is van geen belang nie."

Met die deurlees van die getuienis het ek die indruk gekry dat Snyders nie behoorlik kon onderskei tussen die datum waarop hy gehoor het van Ous se dood en die datum waarop hy gehoor het dat die polisie vir die appellant in verband daarmee soek nie, en dat dit aanleiding gegee het tot verwarring in sy

gemoed.

Rachel Albertus se getuienis dat sy die appellant uitgeken het die Saterdagaand, is hewig aangeval. Die betoog het gelui dat dit uit haar getuienis blyk dat dit reeds skemer begin word het toe sy van Hermon te voet vertrek het terug na Ester-hof, 'n afstand van enigiets tussen 6 en 8 kilometer en dat, toe sy by die plek kom waar sy beweer dat sy die appellant by die fiets gesien het, dit al te donker moes gewees het om 'n betroubare uitkenning te kon doen. Die Hof *a quo* het geoordeel dat Rachel goeie redes gegee het waarom sy die appellant herken het: sy stap, sy profiel, en die feit dat sy hom al die jare ken. Sy het ook baie noukeurig na hom gekyk,

word/ ...

word in die uitspraak gesê, want sy wou seker maak dat dit nie iemand is wat haar kan seermaak nie.

Die Hof *a quo* redeneer soos volg:

> "Sy sê in kruisverhoor dat dit amper donker was toe sy by die brug kom. Ons sien geen rede ora te glo dat sy 'n ou bekende daar nie op 'n kort afstand sou kon uitken nie. Sy het laterig van Hermon begin stap, maar aangesien sy heel natuurlik tuis wou wees voor dit donker was, sou sy vinnig gestap het. Die afstand is plus-minus 6 kilometer en sy kon dit maklik op 'n vinnige stap afgelê het in minder as 'n uur . "

As in ag geneem word dat die afstand van Leliestraat 5 tot op die plek waar Ous se liggaam gevind is 1,2 kilometer is, was die Hof se skatting van ongeveer 6 kilometer van Hermon tot daar 'n rede-

like betroubare skatting.

Die/.. . .
.

nie besonder intelligent is nie. Sy sou moeilik 'n onwaarheid kon versin wat sy dieselfde aand, volgens haar getuienis, aan haar suster en Jacoba Swarts vertel het. Dit is so dat daar geen stawing van hierdie stukkie getuienis was nie, maar waarom sal sy as onintelligente persoon sodanige besonderhede versin as dit nie die waarheid was nie.

Maar selfs as die Hof a quo nie 'n genoegsame versigtigheidsfaktor laat geld het wat die uitkenning van die appellant deur Rachel daardié Saterdagaand betref nie, is daar na my oordeel, soos ek reeds hier-

bo aangedui het, nog voldoende getuienis van Rachel wat die appellant as die persoon wat daar op die toneel teenwoordig was/.....

woordig was, identifiseer. Indien dit aanvaar word dat Rachel nie vir die appellant sonder twyfel kon uitken die Saterdagaand nie, dan sou sy ongetwyfeld by wyse van afleiding, deur alles wat sy in die loop van Saterdag tot Dinsdag waargeneem het met mekaar in verband te bring, tot die slotsom geraak het dat dit die appellant was wat sy gesien het. Indien daar Saterdagaand, op die aanvaarding dat sy nie behoorlik kon sien wie die persoon is nie, slegs 'n vermoede by haar bestaan het dat die persoon wat sy daar

gesien het, die appellant was, moes dit wat sy later helder oordag op Maandag en weer toe sy die bondel goedere op Donderdag gesien het toe die polisie dit gevind het, haar vermoede versterk en haar oortuig het

dat/ .

dat haar uítkenning nie verkeerd was nie. Dit sou ook aan enige hof die nodige waarborg verskaf dat sy nie 'n fout gemaak het met die uitkenning nie. Sy het die stuk dekenlap herken as 'n stuk van die bed-deken wat in die Lameyers se huis was. Sy het ook die oorrok (bewysstuk 1) herken as 'n rok wat aan die beskuldigde se moeder behoort het. Die stuk deken-lap was nooit 'n bewysstuk in die Hof a quo nie omdat, volgens die polisie-getuienis, die bewysstuk in die polisiekantoor weggeraak het, maar die Verhoorhof het afgelei dat dit 'n deel was van die bedsprei, 'n ander de.el waarvan Lea junior in die kas in die kamer in die Lameyers se huis gekry het en wat deur Adonis Lameyer senior verbrand is. Bewysstuk 1 was egter

wel 'n/ .

wel 'n bewysstuk en is deur Rachel en Lea junior herken. Dit was haar rok, het Lea junior gesê, wat eers haar ouma s'n was en wat laasgenoemde aan haar gegee het. Sowel Rachel as Lea junior het die rok dus herken as 'n rok wat uit die Lameyer-huis te Leliestraat 5 gekom het. Dat Rachel die goedere later aan die polisie uitgewys het, bevestig haar getuienis dat sy 'n persoon die goedere daar sien laat het. Hoewel nie deurslaggewend nie. verbind haar getuienis van die fiets ook die appellant met die liggaam van Ous. Die appellant het erken dat sy oom 'n fiets met dik wiele het, maar hy ontken dat hy die fiets daardie aand of ooit ge-bruik het. Daar is meer fietse met dik wiele in

Esterhof, was die getuienis, maar indien die vonds van die rok, bewysstuk 1 en die dekenlap of bedsprei wat uit die Lameyer-huis kom en die toevalligheid dat fiets met dik wiele op die toneel gesien is, tesame in aanmerking geneem word, dan regverdig dit na my oordeel 'n sterk afleiding dat die gebeure die Saterdagmiddag by Leliestraat 5 en 9 afgespeel het. Volg.ens fotos en 'n beskrywing is dit oop veld vanaf Leliestraat 5 na die toneel waar Ous se liggaam ge~vind is. Om in die skemer 'n liggaam na die toneel te verwyder sou dus, as die verwyderaar gelukkig was, ongemerk gedoen kon word. Indien die liggaam wel verwyder is van Leliestraat 5 is dit haas ondenkbaar dat die liggaam vir 'n afstand van 1,2 kilometer gedra

sou/....

sou word. 'n Fiets waarop die liggaam vervoer kon word sou vir daardie taak nuttig te pas gekom het.

Dat Rachel twee verklarings gemaak het, het die Verhoorhof oorweeg en het haar verduideliking waarom sy dit gedoen het aanvaarbaar gevind. Die omstandighede wat haar genoop het om eers te verklaar dat sy die persoon by die fiets nie herken nie, is in die uitspraak soos volg weergegee:

> "Toe die inwoners van Esterhof agtergekom het dat sy die polisie gehelp het met die soek na die bondel in die sloot, het hulle teen haar gedraai. Die vrou is gedreig deur ander mense - of meegedeel deur ander mense - dat beskuldigde haar sou seermaak as sy haar mond oopmaak
> Sy was vreesbevange. Sy het polisie-beskerming gevra, en dié is toegestaan en toe het adjudant-offisier Dippenaar blykbaar aan haar gesê sy kan maar netsowel die waarheid

praat/ ....

> praat, want op een of ander manier het hy geweet, of vermoed, dat sy weet wie by die brug was die aand van 11 Augustus, en sy het toe die tweede verklaring afgelê."

Soos ek egter daarop gewys het, is daar genoeg waarborg te vind in die gebeure wat plaasgevind het in die daaropvolgende dae vir die bevinding dat enige twyfelagtige uitkenning op Saterdagaand wel 'n korrekte uitkenning was.

Lea junior se getuienis is ook aangeval. In die betoog is gewys op die onwaarskynlikheid dat die matras wat sy beweer het nog klam van die bloed was, na meer as 'n maand nog klam sou wees. Die Hof a quo het dit nie onwaarskynlik gevind nie. Lea het die matras beskryf as dik met, tussen die

vere/ ...

vere, 'n digte sponserige inhoud soos klapperhaar. Daar was geen deskundige getuienis van die tydperk waarin bloed waarmee so 'n matras deurtrek is, droog sou word nie, maar die Verhoorhof het geoordeel dat dit heel waarskynlik is dat die matras, veral in 'n huis wat bykans die hele dag en nag toe gehou word, nie heeltemal droog geword het nie maar muf gebly het. Lea het ook getuig van 'n onbekende trui en 'n kopdoek wat hulle daar in die kamer gevind het. Anna Matalla se getuienis, soos dit uit die opsomming hierbo blyk, was dat Ous die middag by haar ma se huis 'n trui bo-oor haar rok, bewysstuk 2, aangehad het en 'n kopdoek op gehad het. Toe haar liggaam gevind is was dit sonder 'n trui en 'n kopdoek. 'n Trui en 'n

kopdoek,/....

kopdoek, wat vir Lea junior onbekend was, is in die huis te Leliestraat 5 gevind. Alhoewel haar beskrywing van die trui nie heeltemal ooreengestem het met Anna Matalla se beskrywing daarvan nie, kon die herinnering van die kleur van die trui die een of die ander miskien ietwat in die steek gelaat het

Lea junior se getuienis van die verf aan die muur word deur Adonis Lameyer senior bevestig, ondanks die gees wat sy getuienis geadem het van klaarblyklike bevoordeling van die appellant. Gesien hierdie indruk wat sy getuienis skep, dra die aspekte van sy getuienis wat die appellant nie bevoordeel nie die stempel van waarheid. In hierdie verband

dink/...

dink ek veral aan sy getuienis betreffende die appellant se gereelde besoeke aan Riebeeck Wes tydens sy verblyf in die Kaap; sy getuienis dat die appellant goed geweet het waar Lea Adams woon en trouens daar tuisgegaan het en sy getuíenis dat die appellant nie die muur geverf het voordat hy weg is Kaap-toe vir die naweek níe. Maar om terug te keer na Lea junior. Hoewel die gebeure plaasgevind het toe sy ongeveer 3 of 4 jaar jonger was, was sy reeds veel meer volwasse toe sy getuienis in die Verhoorhof gelewer het. Sy was toe 18 jaar oud, Maar selfs toe die gebeure plaasgevind het, het sy, hoewel nog jonk in jare, skynbaar die lewe van 'n volwassene gelei.Sy het reeds 'n kind gehad. Die

Hof het geen probleme met haar getuienis gehad nie. Sy het geen rede om te lieg, of om iets by te las of weg te laat nie, is van haar in die uitspraak gesê. Sy is beskryf as "intelligent en eerlik" en die Hof het geoordeel dat sy die waarheid praat. Haar getuienis was dat die kol groen verf wat sy daar waargeneem het bokant die bed plek-plek afgedop het en dat dit vir haar voorgekom het soos bloedkolle. Daar is later, gedurende 1980, nadat die mure van die hele kamer oorgeverf is met 'n groen verf, deur die polisie skraapsels van die mure geneem, maar daar is nie genoeg verf afgeskraap om enige anderskleurige kolle te ontbloot nie. Dit blyk uit die foto wat geneem is. Die skraping kan ook weg van

die kol wat deur die appellant groen geverf is, gedoen gewees het. Die feit dat die skraapsels by ondersoek na die aanwesigheid van bloed 'n negatiewe resultaat opgelewer het, doen dus nie veel afbreuk aan die Staat se saak nie. Die appellant se verduideliking waarom hy die muur geverf het, was alles behalwe oortuigend. Hy het beweer dat , hy die muur geverf het om te verhoed dat die druppels wat teen die muur afloop, die komberse vuil maak. Dit is klaarblyklik onsinnig. Selfs indien die druppels naby die komberse gekom het, het hulle van die dak afgekom en sou in elk geval langs 'n stuk vuil muur afgeloop het

voor-

dat hulle die nuutgeverfde kol en die komberse

bereik. Afgesien daarvan blyk dit uit sy eie getuienis dat hy op daardie tydstip nie meer op daardie bed geslaap het nie, maar in die agterkamer geslaap het.

Wat Tokkie betref, kon die Hof a quo, ondanks die verskille in sy en die appellant se getuienis, nie bevind dat hy gelieg het nie. Hy het 'n eenvoudige verhaal vertel van twee nagte se slaap

.

by die appellant. Dit sou uiters moeilik wees vir die Staat om by wyse van kruisondervraging sy getuienis aan enige twyfel bloot te stel. Die Hof het egter tereg, meen ek, bevind dat Tokkie se getuienis nie die Staat se saak bevorder nie aangesien Tokkie self gesê het dat hy nie na die mure opgelet het nie

Daar/ ...

Daar is egter namens die appellant betoog dat, of Tokkie nou oplettend was of nie, dit uíters riskant vir die appellant sou wees om Tokkie uit te nooi om daar te slaap want Tokkie kon, mits hy oplettend was, iets agtergekom het indien die matras en die muur vol bloed was. Dit is dus onwaarskyn-lik, so is betoog, dat die appellant, as hy vir Ous die middag gedood het en die matras en muur met bloed besraeer was, wel vir Tokkie sou uitnooi om daar te slaap. Weereens moet in hierdie verband die hele atmosfeer van die saak in ag geneem word. Tokkie is die appellant se eie neef. Sy familie het die appellant beskerm. Dit is nie onwaarskynlik dat hy in 'n vroeë stadium vir hulle en veral die bewoners

van Leliestraat 9, insluitende Tokkie, in sy vertroue geneem het en selfs moontlik op hulle hulp staatgemaak het nie,

Die Hof het uitvoerig gehandel met die leuenagtige getuienis wat die appellant gegee het, maar vir doeleindes van hierdie appél is dit nie nodig om dit hier te herhaal of daarop uit te brei nie.

Die omstandigheidsgetuienis is na my oordeel oorweldigend teen die appellant. Wat gebeur het tussen die appellant en Ous in die huis te Leliestraat 5 weet alleen hy. Dat Ous egter haar dood daar tegemoet gegaan het is na my oordeel tereg deur die Hof *a quo* bevind. As al die getuienis

in ag geneem word, is die afleidings wat, as die enigste redelike afleidings gemaak kan word die volgende: Ous is die middag na die huis van die Lameyers te Leliestraat 5. Daar het sy van haar trui en kopdoek om een of ander rede ontslae geraak en die oorrok, bewysstuk 1, wat in die kas gehang het in die een slaapkamer, oor haar eie rok, bewysstuk 2, aangetrek. Terwyl sy so gekleed was, is sy aangerand en is die messteke toegedien. Sy het op een of ander wyse op die bed beland nadat sy gesteek was of sy is daar op die bed aangerand sodat haar bloed sowel die matras deursypel het as die muur waarteen die bed gestaan het, bevlek het Stukke van die bedsprei is gebruik om die ergste

tekens/...
..

tekens van bloed te verwyder en is saam met haar trui en kopdoek in die kas geprop. Haar liggaam is met die paadjie wat oor die plaas Waterbron loop op die fiets verwyder. Haar liggaam is vir 'n kort afstand gesleép tot in die watervoor en daar gelaat. 'n Stuk van die bedsprei is vir een of ander doel gebruik op hierdíe tog na die toneel waar die liggaam gelaat is. Op die toneel is die oorrok, bewysstuk 1, van haar liggaam verwyder en is sy gelaat in haar eie rok, bewysstuk 2. Bewysstuk 1 en die bloederige deel van die bedsprei is in 'n bondel daar gelaat waar die fiets bestyg is. Hierdie bondel sou 'n verband met die huis van die Lameyers te Leliestraat 5 verraai en die bedoeling

was/...

was vermoedelik om dit weg van die liggaam te versteek. Hierin is die betrokke persoon verhinder deur Rachel Albertus en die rok en lap is in 'n bondel daar, onbehoorlik versteek, gelaat. Die persoon het gemaak dat hy wegkom met die fiets. Op die plek waar Rachel hom gesien het die Saterdagaand, het sy en haar suster se stiefdogter, Jacoba Swarts, die bondel nog op Maandag, 13 Augustus 1979, aangetref. Die bondel is voor Dinsdag, 14 Augustus, na ander plek verwyder en beter versteek want Dinsdag, toe Rachel daar langs verby is, was dit nie meer op die oorspronklike plek nie. ' Dinsdagoggend is die appellant weg na Stikland in die Kaap waar hy gewerk het. Voor hy weg is, het hy 'n kol groen verf bokant

die/ ...

die bed aangebring. Om 'n skyn van onskuld te verleen aan sy verdwyning uit Riebeeck Kasteel en sy wegblyery het hy beweer dat hy dikwels lang rukke van die huis weggegaan het. Hy het egter nie híerdie keer, soos in die verlede, ver weggegaan nie. Hy was binne maklike bereik van Riebeeck Kasteel Hy het goed geweet waar sy suster, Lea Adams, woon en het òf dikwels daar gekom òf het selfs daar tuis-gegaan. Hy was bewus van sy moeder se dood maar het nie haar begrafnis bygewoon nie. Hy het dikwels heimelik huis-toe gegaan maar het dit reggekry, met die samewerking van sy familie, om die polisie te ontduik. Hy is eers in Desember 1981 gearresteer.

Al die getuienis in ag nemende, het die

Hof _a quo_ die appellant na my oordeel tereg

skuldig bevind aan die moord op Ous.

Ek sou die appèl van die hand wys

APPèLREGTER

ADONIS A J LAMEYER en DIE STAAT

SMALBERGER, Wn AR:-

477/83

N v H

4
7
7
/
8
3

N

v

H

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

ADONIS A J LAMEYER

Appella
nt

en

DIE STAAT

Responde
nt

CORAM: KOTZe, VILJOEN, ARR, et

SMALBERGER, Wn AR

VERHOORDATUM: 21 MAART 1985

LEWERINGSDATUM: 21 MEI 1985

UITSPRAAK

SMALBERGER, Wn AR:-

Ek het die voorreg gehad om die uitspraak van

my kollega VILJOEN te lees. Ek stem, met

eerbied, egter

nie saam met die slotsom waartoe hy gekom

het nie.

Na my

/ ....................



Na my mening is daar tereg
nardens die Staat

toegegee dat indien die getuienis van
Rachel Albertus

en Joseph Snyders verkeerdelik aanvaar is,
daar nie

genoeg omstandigheidsgetuienis oorbly om 'n
skuldigbevin=

ding te rugsteun nie. Ofskoon die vermoede
gegrond is

dat daar 'n sameswering onder die
Staatsgetuies was om die

appellant so min moontlik te impliseer en
hom in die voor=

deligste lig moontlik te stel, en dit op
die klimaat dui

waarin die getuienis beoordeel moet word
(soos deur my

kollega VILJOEN bevind), bevorder dit nie
noodwendig die

Staat se saak nie. Daar moet nog voldoende
bewese feite

wees wat die enigste redelike afleiding regverdig dat die

appellant vir Ous (die oorledene) se dood verantwoordelik

was. As die getuienis van Rachel Albertus en Joseph

Snyders /......
......



Snyders buite rekening gelaat word,

regverdig die oor=

blywende getuienis nie sodanige afleiding

nie. Hoogstens

wek dit sterk agterdog dat die appellant

Ous se dood

veroorsaak het - wat tekort skiet aan die

vereiste bewys bo redelike twyfel.

In haar oorspronklike verklaring aan die polisie het Rachel Albertus nie die persoon wat sy die betrokke Saterdagaand by die watervoor gesien het as die appellant uitgeken nie. Op daardie tydstip kon daar geen sprake wees dat sy weens vrees vir die appellant (of lede van sy familie) geswyg het om sy identiteit te openbaar nie. Blykens die getuienis was sy toe reeds 'n

polisieberiggewer,

en was daar nog nie enige dreigemente

teenoor haar geuiter

nie. Dit regverdig die afleiding dat sy óf

nie in staat

was om

/ ...................



was om die appellant uit te ken nie, òf nie oor die

nodige sekerheid beskik het dat dit wel hy was nie.

Sodanige af leiding strook. met beide die waarskynl'ikhede

en haar getuienis. 'n Ontleding van haar getuienis dui

daarop dat dit reeds donker moes gewees het toe sy op die

persoon afkom. Sy was nooit baie na aan hom nie, het

nooit sy stem gehoor nie en volgens haar

oorspronklike getuienis het sy nie sy gesig gesien nie (op 'n latere stadium het sy egter voorgegee dat sy wel sy gesig gesien het) . Sy was ook tot 'n mate beangs. Die omstandighede was gevolglik nie bevorderlik vir betroubare uitkenning nie. Haar bewering dat sy kort na die voorval aan sekere persone gemeld het dat sy die appellant die betrokke aand by die v/atervoor gesien het, word deur geen ander

getuienis /.......

getuienis gestaaf nie. As sy net 'n vermoede gehad het dat dit die appellant was, en die stuk dekenlap en die oorrok (bewysstuk ), wat sy uitgeken het as komende

van die appellant se ouerhuis, haar vermoede versterk het

en in sekerheid omskep het, sou nogtans verwag word dat

sy reeds in haar oorspronklike verklaring die appellant

sou betrek het, want die bykomende faktore wat die seker=

heid by haar sou laat ontstaan het, was toe reeds aan

haar bekend. Dit is dus te betwyfel of enige vermoede

wat sy miskien gehad het deur hierdie faktore versterk is,

In elk geval bestaan daar die gevaar dat 'n verkeerde

afleiding gemaak kon word van die aanwesigheid van die

dekenlap ën oorrok op die misdaadstoneel, want daar is geen

getuienis om aan te dui wanneer hulle in Ous se besit

gekom /......
.......
.......

gekom het nie. Dit kon die dag van haar dood gewees het, of etlike maande vantevore, want Lea Lameyer (junior) het vier of vyf maande voor Ous se dood die oorrok laas in 'n hangkas in die appellant se ouerhuis gesien,

Wat die fiets betref, het Rachel Albertus nie in haar oorspronklike verklaring die fiets as dié van die appellant se oom uitgeken nie. Dit het sy eers later gedoen in dieselfde verklaring waarin sy die appellant beskuldig het as synde die persoon wat sy by die watervoor gesien het. Daardie verklaring was jare later gemaak, skynbaar na die appellant se arrestasie, en toe daar reeds gerugte omtrent sy betrokkenheid in omloop was. Rachel

Albertus was nooit juis vriendelik gesind teenoor die

appellant nie, en die versoeking moes dus groot gewees het

om /......
.......
.......
.



om willekeurig of onwillekeurig hom as die . "skuldige"

uit te wys. Na my mening kan daar geen peil getrek

word op haar betroubaarheid nie (en moontlik ook nie op

haar eerlikheid nie), en moes haar getuienis gevolglik

geheel en al buite rekening gelaat gewees het vir

sover. dit betrekking het op die uitkenning van die

appellant.

Wat Joseph Snyders se getuienis betref, is ek

bereid om te aanvaar dat daar wel 'n ontmoeting tussen

hom en die appellant te Stikland was soos deur hom getuig,

en dat die appellant se ontkenning tot die teendeël vals

is. Ek beskou dit egter as hoogs onwaarskynlik dat die

appellant so spontaan teenoor hom sou erken het dat hy vir

Ous doodgemaak het. Dit is gemene saak dat toe hulle

jonger /...................



jonger was hulle baie met mekaar baklei het, en dat die

appellant voorheen vir Snyders se neef ernstig aangerand

het. Ofskoon hulle ten tyde van die ontmoeting te

Stikland nie vyandig gesind was teenoor mekaar nie, was

hulle ook nie met mekaar goed bevriend nie. Bowendien

het hulle (afgesien van die vorige Saterdag} vir mekaar

vir lank nie gesien nie. Etlike dae vantevore het die

appellant vir Snyders op Bellville-stasie opsetlik probeer

vermy (aldus Snyders). Sy beweerde spontane erkenning

teenoor Snyders te Stikland is, myns insiens, eënvoudig

nie te rym. met hierdie omstandighede nie. En waarom sou

die appellant, wat op daardie tydstip amper as 'n voort=

vlugtige beskou kon word, vir Snyders inlig aangaande sy

werk- en woonomgewing wat tot sy moontlike latere opsporing

kon /......................

9

kon lei? Snyders was immers nie die soort persoon

op wie se swye daar peil getrek kon word nie.

Afgesien hiervan was Snyders nie in alle opsigte 'n

oortuigende getuie nie.

Die moontlikheid dat iets deur die appellant

aan Snyders gesê is wat op 'n misverstand uitgeloop het,

kan nie uitgesluit word nie as in ag geneem word die

onwaarskynlikheid dat die appellant sou erken het dat hy

Ous doodgemaak het. Die appellant kon, byvoorbeeld,

toe Snyders by hom verneem het waarom die polisie hom

soek, gesê het "Bok, hulle sê ek het die vrou doodgemaak"

en nie "Bok, ek het die vrou doodgemaak" soos deur Snyders

getuig nie. Die verhoorhof het nooit die moontlikheid van

so *'n* misverstand oorweeg nie. Die vraag ontstaan waarom

die /.............

die appellant valslik die ontmoeting ontken as daar net 'n misverstand was. In S v Mtsweni 1985(1) SA-590 (A) op 594 B is daar gesê dat: "By die beoordeling van leuenagtige getuienis deur 'n beskuldigde moet daar; onder meer, gelet word op:

(a) Die aard, omvang en wesenlikheid van die leuens, en of hulle noodwendig op 'n skuldbesef dui.

(b) Die beskuldigde se ouderdom, ontwikkelings= peil, kulturele en maatskaplike agtergrond en stand in soverre hulle 'n verduideliking vir sy leuens kan bied.

(c) Moontlike redes waarom mense hulle tot leuens wend, byvoorbeeld omdat in 'n gegewe geval 'n leuen meer aanneemlik as

die waarheid

mag klink.

(d) Die neiging wat by sommige

mense mag ont=

staan om die waarheid te

ontken uit vrees

dat hulle by 'n misdaad

betrek gaan word, of

omdat hulle vrees dat

erkenning van hulle

betrokkenheid by 'n voorval

of misdaad, hoe

gering ook al, gevare inhou

van 'n afleiding

van deelname en skuld buite

verhouding tot

die waarheid."

Die / ...........

1
1

Die appellant kon moontlik
gevrees het dat 'n

nadelige afleiding teen hom gemaak sou word
as hy 'n

ontmoeting wat uitgeloop het op 'n gesprek
oor Ous se

dood erken het. Dit bied 'n verduideliking
waarom hy sou

wegskram van enige ontmoeting op Stikland.

Die onwaarskynlikheid dat die appellant teenoor

Snyders onomwonde sou erken het dat hy Ous doodgemaak

het, bly egter oorheersend, en op grond daarvan behoort

Snyders se getuienis aangaande die beweerde erkenning nie

aanvaar te gewees het nie. Met die beoordeling van hierdie

onwaarskynlikheid is hierdie Hof nie in 'n minder gunstige

posisie as die Verhoorhof nie.

Soos reeds genoem, as die getuienis van Rachel

Albertus en Joseph Snyders buite rekening gelaat word, is

daar
/......
.......
.......
......



daar nie voldoende getuienis om 'n

skuldigbevinding

te regverdig nie. Die enigste Oorblywende getuienis van

noemenswaardige belang is die van Lea Lameyer (junior).

Haar getuienis is vatbaar vir grondige kritiek.

Daarbenewens word dit, wat die belangrikste aspekte

daarvan betref, nie deur enige ander getuienis gestaaf

nie. Haar getuienis dat die matras meer as 'n maand later

nog nat of klam van die bloed was, is onoortuigend. Haar

beskrywing van die vreemde trui wat sy in die huis gevind

het, kom nie ooreen met Anna Matalla se beskrywing van

die trui wat Ous die betrokke Saterdag aangehad het nie.

Die mediese getuienis dui daarop dat Ous omtrent doodge=

bloei het. Gevolglik moes daar baie bloed gewees het op

die plek waar sy doodgemaak is. Nogtans is daar geen

getuien
is
/......
.......
.......
......

1

3

getuienis dat met latére ondersoek daar

enige tekens

van bloed in die appellant se ouerhuis

gevind is nie.

Skrapsels wat geneem is van die verf wat

die beweerde

bloed op die muur sou bedek het, het nie 'n

positiewe

uitslag gelewer nie. Dit is onwaarskynlik

dat die appellant, waar daar andersins versigtig deur hom te werke gegaan is, sou hy die skuldige gewees het, nie ook van die bebloede lappe, trui en matras sou probeer het om ontslae te raak nie. Bowendien, sou hy die risiko geloop het om Tokkie by hom te laat kom slaap as daar duidelike, tekens van bloed en bebloede artikels in die huis te bespeur was wat agterdog sou wek en 'n verduideliking van

hom sou verg?

Dat daar aansienlike suspisie

bestaan dat die

appellant Ous se dood veroorsaak het, is

nie te betwyfel

nie / .............



nie. Dit word versterk deur sy onbevredigende en

leuenagtige getuienis en sy latere agterdogtige gedrag,

Daar is egter te veel twyfelagtighede en *'n* gebrek aan

oortuigende feitebasis om die gevolgtrekking dat die

appellant aandadig was aan Ous se dood as die enigste

redelike afleiding te regverdig. Gevolglik ontbreek

die nodige bewys van sy skuld bo alle redelike twyfel

Na my mening moet die appèl slaag, en die skuldigbeyinding en vonnis ter syde gestel word.

J W SMALBERGER

WAARNEMENDE

APPeLREGTER

KOTZé, AR - stem saam